higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6

(4010216)

7 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ’n antwoordboek met 10 bladsye.

230Q1J2107

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Skryf jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER op elke bladsy van die ANTWOORDBOEK.

4. Rond alle bedrae af tot die naaste rand (heelgetal).

5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Hulpbronne wat 'n maatskappy besit en beheer en waarvan toekomstige ekonomies voordele verwag kan word.

1.1.2 Verpligtinge van 'n maatskappy wat binne een finansiële jaar geskik moet word.

1.1.3 Betalings wat gemaak word en wat nie die bate sal verhoog of die las sal verminder nie.

1.1.4 Ontvangste nie net van ekwiteitdeelnemers nie, maar wat ook die bates verhoog.

1.1.5 Die netto waarde van 'n maatskappy.

(5 × 2) (10)

1.2 Bereken die BTW wat die besigheid moet vra of eis (Mahlakoane Bpk.) in die volgende transaksies. Vermeld die rede indien BTW nie gevra of opgeëis word nie. Die BTW-koers is 15%. Bedrae is insluitend van BTW, waar toepaslik.

1.2.1 Skryfbehoeftes van R1 150 wat op krediet by Kwapa Handelaars, 'n geregistreerde BTW-verkoper, gekoop is (2)

1.2.2 Brandstof van R3 250 wat by die Shell garage gekoop is (2)

1.2.3 R150 vir bankkoste (R20 was vir rente op oortrokke rekening) (3)

1.2.4 Vra R980 van klante vir agterstallige rekening (3)

1.2.5 Het handelsvoorraad van R2 750 van die besigheid vir persoonlike gebruik (2)

1.2.6 Het handelsvoorraad van R3 150 by Tlokwe Handelaars gekoop, wat nie 'n BTW-verkoper is nie (3)

1.3 Wat is die doel van 'n BTW-beheerde rekening in die grootboek? (3)

1.4 Wat is 'n BTW-verkoper? (2)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Noem die soort maatskappy of ander vorm van besigheid wat onder die volgende omstandighede begin of geregistreer sal word:

2.1.1 Mev Selepe wil 'n besigheid begin waarvoor sy alleen verantwoordelik is sonder om haar te bekommer oor die registrasie en ander regsake.

2.1.2 Malope was verras om te hoor dat die ouditering van finansiële state verpligtend en onvoorwaardelik is vir die maatskappy waarin sy aandele gekoop het.

2.1.3 Matjeke benodig baie kapitaal om sy besigheid te begin en sal enigiemand van die algemene publiek toelaat om aansoek te doen om aandele te koop.

2.1.4 Salome en Maria wil hul kapitaal kombineer om 'n spysenierbesigheid te begin sonder om hul hoef te kwel oor die registrasie van hul maatskappy.

2.1.5 Malapane wil 'n besigheid besit waarvan hy 'n lid is en nie 'n aandeelhouer nie.

2.1.6 Thabo is 'n welwillende persoon wat daarvan hou om arm mense te help. Hy wil sy besigheid formaliseer as een wat dienste aan armes lewer sonder om hulle geld vir sy dienste te vra.

2.1.7 Sizwe en Jabu wil 'n geregistreerde regsmaatskappy begin wat die huidige en voormalige direkteure aanspreeklik sal hou vir enige wanadministrasie (swak administrasie) wat finansiële implikasies vir die besigheid inhou en tydens hulle tyd aangegaan is.

(7 × 2) (14)

2.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.2.1 Deel van die wins wat aan aandeelhouers uitgedeel word

2.2.2 Aandele wat deur die eienaars van die maatskappy met stemreg gehou word

2.2.3 Aandele wat die houer die eerste aanspraak gee op die wins van die maatskappy

2.2.4 Reserwes wat nie gebruik kan word om aandeelhouers se deel van die wins te betaal nie

2.2.5 Die totale aantal aandele wat 'n maatskappy registreer

2.2.6 Die telling wat soms gebruik word om te bepaal of die private maatskappy geoudit moet word of nie

Kopiereg voorbehou

2.2.7 Tipe maatskappy wat deur die regering besit word

2.2.8 Standaard wat gevolg word in die voorbereiding van finansiële state

2.2.9 Staat wat gebruik word om die maatskappy se wins te bereken

2.2.10 Staat waarin die bates, laste en ekwiteite aan die einde van die jaar aangeteken word

(10 × 2) (20)

2.3 Bestudeer die volgende finansiële staat en beantwoord die vrae:

MASEBE GEÏNK SOOS OP 31 DESEMBER 2018

BATES		
NIEBEDRYFSBATES		**?**
BEDRYFSBATES		
TOTALE BATES		**520 000**
EKWITEITE AND LASTE		
NIEBEDRYFSLASTE		**250 000**
BEDRYFSLASTE		**10 000**
TOTAL EKWITEITE AND LASTE		

2.3.1 Wat word bogenoemde finansiële staat genoem? (2)

2.3.2 Watter tipe maatskappy is Masebe Geïnk? (2)

2.3.3 Hoe verkry die maatskappy kapitaal? (2)

2.3.4 Bereken die aantal ekwiteite. (3)

2.3.5 Hoeveel sal in die staat van niebedryfsbates vervat word indien die volgende inligting gegee word:

Grond en geboue	R300 000
Toerusting	R30 000
Opgehoopte depresiasie: Toerusting - 31/12/2017	R15 000
Depresiasie	R5 000

(4)

2.3.6 Bereken die bedrag vir die bedryfsbates. (3)

2.3.7 Waar val die huidige deel langtermynlening in die staat in VRAAG 2.3? (2)

Kopiereg voorbehou

2.3.8 Waar val die vaste deposito wat op 1 Januarie 2020 uitkeerbaar raak in die staat in VRAAG 2.3? (2)

2.4 **STAAT VAN …… VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018**

	AANDELEKAPITAAL	ALGEMENE RESERWE	TERUGGEHOUE INKOMSTE

2.4.1 Wat word bogenoemde staat genoem? (2)

2.4.2 Wat is die doel van die algemene reserwe? (2)

2.4.3 Bereken the teruggehoue inkomste indien die volgende inligting gegee word:

Teruggehoue inkomste op 1 Januarie 2018 R45 000
Netto wins voor belasting R220 000
Algemene reserwe wat oorgeplaas moet word na teruggehoue inkomste R5 000
Voorlopige uitgawes wat afgeskryf moet word teen teruggehoue inkomste R1 200

Slegte skuld van R700 wat verhaal is en nie aangeteken is.
Opgehoopte huuruitgawes van R250 uitgelaat toe wins bereken is
Inkomstebelasting is 28% (10)

2.4.4 Bereken die bedrag van aandelekapitaal deur onderstaande inligting te gebruik:

Goedgekeurde aandele 2 000 000 teen R1,50 elk (4)
Onuitgereikte aandele 800 000

2.4.5 Noem TWEE tipes reserwes. (2)

2.4.6 Noem TWEE tipes aandele. (2)

2.5 Wat word aandeelhouers gegee as bewys dat hulle aandele in 'n maatskappy besit? (2)

2.6 Noem die dokument wat die aantal aandele waarby die maatskappy geregistreer is en alle ander beleid en regulasies van die maatskappy bevat. (2)

[80]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Die volgende proefbalans ná afsluiting van die boeke verskyn in die boeke van Letlavhimbi CC op 28 Februarie 2018, die finansiële jaar aan einde van die besigheid.

LETLAVHIMBI BK
PROEFBALANS NÁ AFSLUITING VAN DIE BOEKE OP 28 FEBRUARIE 2018

BALANSSTAATREKENINGAFDELING	FOL.	DEBIET	KREDIET
Ledebydrae			240 000
Teruggehoue verdienste (1 Maart 2017)			39 946
Lening: M Letlalo (lid)		24 600	
Lening: T Luvhimbi (lid)			20 100
Verband: VBS Bank (19% p.a.)			330 000
Grond en geboue		537 000	
Toerusting		186 000	
Opgehoopte depresiasie op toerusting			77 820
Handelsvoorraad		177 900	
Debiteurskontrole		69 450	
Voorsiening vir slegte skuld			3 474
SAID (Inkomstebelasting)			63 000
Krediteurskontrole			47 400
Vaste deposito (12% p.a.)		22 500	
Bank		24 450	
Kaskontant		1 500	
Verspreiding aan lede			180 000
Revaluasiesurplus			15 000
Opgeloopte uitgawes			5 700
Voorafbetaalde uitgawe		1 140	
Inkomste vooruit ontvang			3 600
Opgeloopte inkomste		180	
Verpakkingsmateriaal op hande		1 320	
Netto wins vir die jaar			20 000

VEREISTE

Berei die staat van die finansiële posisie voor soos op 28 Februarie 2018 volgens die IFVS (internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde) vir KME's.

NOTA: Toon berekeninge tussen hakies, waar toepaslik. **[30]**

VRAAG 4

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Asnat Bpk.

ASNAT Bpk.
STAAT VIR OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

Verkope	250 000
Koste van verkope	(150 000)
Bruto wins	100 000
Ander koste	(80 400)
Finansieringskoste	(4 600)
Wins voor belasting	15 000
Belastinguitgawes	(6 750)
Wins vir die jaar	8 250
Dividende verklaar	5 000

Ingesluit in ander koste is depresiasie van R6 000.

ASNAT Bpk.
STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 30 JUNIE 2017

	AANT	2017	2016
BATES			
NIEBEDRYFSBATES		**91 350**	**75 500**
Eiendom, aanleg en toerusting		91 350	75 500
BEDRYFSBATES		**47 500**	**50 150**
Inventaris		30 000	26 000
Handel en ander ontvangbare gelde		11 500	14 300
Kontant en kontantekwivalente		5820	9 850
TOTALE BATES		**138 850**	**125 650**
EKWITEITE AND LASTE			
Uitgereikte aandelekapitaal		83 000	65 000
Teruggehoue inkomste		7 250	4 000
NIEBEDRYFSLASTE		**20 000**	**30 000**
Langtermynlenings		20 000	30 000
BEDRYFSLASTE		**23 600**	**26 650**
Handel en ander laste		14 620	13 400
SARS		600	800
Aandele vir dividende		3 000	2 250
TOTALE EKWITEITE AND LASTE		**138 850**	**125 650**

BYKOMENDE INLIGTING

1.Eiendom, aanleg en toerusting	2017	2016
Grond en geboue	60 000	47 500
Toerusting (boekwaarde)	37 350	28 000
Asnat Bpk. verkoop toerusting teen boekwaarde gedurende die jaar, R2 400		

Kopiereg voorbehou

VEREISTE

4.1 Berei die kontantvloeistaat voor vir die jaar geëindig op 30 Junie 2017. (16)

4.2 Teken die volgende aan:

4.2.1 Rekonsiliasie van wins voor belasting met kontant wat deur werksaamhede genereer is (8)

4.2.2 Dividende en belasting betaal (6)
[30]

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE verskille tussen *eksterne oudit* en *interne oudit.* Tabuleer jou antwoord. (2 × 6) (12)

5.2 Onderskei tussen die volgende:

5.2.1 Gekwalifiseerde opinie

5.2.2 Ongekwalifiseerde opinie

(2 × 2) (4)

5.3 Definieer *interne kontrole.* (6)

5.4 Noem die VIER stappe van interne rekeningkunde. (4 × 2) (8)
[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou